

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys Overseas 30c Oorsee POST FREE—POSVRY

Vol. 113]

CAPE TOWN, 6 NOVEMBER 1974 KAAPSTAD, 6 NOVEMBER 1974

No. 2056.

[No. 4487

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 2056.

6 November 1974.

6 November 1974.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:--

No. 71 of 1974: Second Bantu Laws Amendment Act, 1974.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 71 van 1974: Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1974.

있었다고 말하면 들었다. 내는 바로 가장 하셨다면 나는 그래 같은 눈이 걸어 보고 하는 것이 되었다.

Wet No. 71, 1974

TWEEDE WYSIGINGSWET OP BANTOEWETGEWING, 1974.

WET

Tot wysiging van die Transkeise Grondwet, 1963, ten einde die wetgewende bevoegdheid van die wetgewende vergadering uit te brei; tot wysiging van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, ten einde die wetgewende bevoegdheid van 'n wetgewende raad verder te reël en uit te brei; tot wysiging van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, ten einde die wetgewende bevoegdheid van 'n wetgewende vergadering verder te reël en uit te brei; ten einde die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die bevoegdheid te verleen om sekere waarborge te verstrek in verband met sekere lenings aangegaan deur die uitvoerende gesag van 'n Bantoetuisland; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.) (Goedgekeur op 29 Oktober 1974.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van Eerste Bylae by Wet 48 van 1963, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 36 van 1968, artikel 9 van Wet 27 van 1970, artikel 12 van Wet 49 van 1970, artikel 7 van Wet 23 van 1972, artikel 22 van Wet 102 van 1972, proklamasie 259 van 1972, artikel 9 van Wet 7 van 1973 en proklamasie 84 van 1973.

- 1. (1) Deel B van die Eerste Bylae by die Transkeise Grondwet, 1963, word hierby gewysig deur na item 6 die volgende item in te voeg:
 - "6A. Behoudens die bepalings van artikel 1 (2) van die Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1974, en in die distrikte vermeld in artikel 2 van hierdie Wet, en vir die doeleindes van die handhawing van die openbare veiligheid, openbare vrede, orde of goeie landsbestuur, die verbieding van 'n organisasie waarvan Bantoes lede is of ten opsigte waarvan daar toegelaat word dat Bantoes lede word, en die lidmaatskap van so 'n organisasie; die verbieding van die bevordering, op enige wyse, van die oogmerke van so 'n organisasie; die verbieding of beperking daarvan dat 'n Bantoe 'n ampsdraer van so 'n organisasie is; die beperking van die aanwesigheid van 'n Bantoe tot 'n bepaalde plek of gebied; en die verbieding van die publikasie of verspreiding van die inhoud van 'n toespraak, uitlating, geskrif of verklaring van 'n Bantoe.".
- (2) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet magtig die bepalings van item 6A van Deel B van die Eerste Bylae by die Transkeise Grondwet, 1963, nie die wetgewende vergadering van die Transkei om 'n Wet van die Parlement te wysig of te herroep en doen dit nie afbreuk aan die wetgewende bevoegdheid van die Parlement of die bevoegdheid of pligte van 'n gesag of iemand in die Republiek ingevolge 'n Wet van die Parlement nie, en kan 'n bevoegdheid wat aan 'n ander gesag of persoon verleen word by 'n wet wat gemaak word uit hoofde van genoemde item, of 'n ander wet wat betrekking het op 'n aangeleentheid daarin genoem, slegs met die voorafverkreë goedkeuring van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling uitgeoefen word.

Act No. 71, 1974

SECOND BANTU LAWS AMENDMENT ACT, 1974.

ACT

To amend the Transkei Constitution Act, 1963, so as to extend the legislative powers of the legislative assembly; to amend the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968, so as to further regulate and extend the legislative powers of a legislative council; to amend the Bantu Homelands Constitution Act, 1971, so as to further regulate and extend the legislative powers of a legislative assembly; to empower the Minister of Bantu Administration and Development to furnish certain guarantees in connection with certain loans negotiated by the executive government of a Bantu homeland; and to provide for matters connected therewith.

> (Afrikaans text signed by the State President.) (Assented to 29 October 1974.)

RE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:-

1. (1) Part B of the First Schedule to the Transkei Constitu- Amendment of tion Act, 1963, is hereby amended by the insertion after item 6 First Schedule to Act 48 of 1963. of the following item:

"6A. Subject to the provisions of section 1 (2) of the Act 36 of 1968, Second Bantu Laws Amendment Act, 1974, and within the section 9 of districts mentioned in section 2 of this Act, and for the Act 27 of 1970, purpose of maintaining public safety, public peace, order Act 49 of 1970, or good government, the prohibition of any organization section 7 of of which Bantu are members or allowed to become mem- Act 23 of 1972, bers, and the membership of any such organization; the section 22 of prohibition of the furtherance, in any manner, of the objects proclamation 259 of any such organization; the prohibition or the restriction of 1972, section of any Bantu being an office-bearer of any such organiza- 9 of Act 7 of 1973 tion; the restriction of the presence of any Bantu to a and proclamation particular place of area; and the prohibition of the publicaparticular place or area; and the prohibition of the publication or dissemination of the contents of any speech, utterance, writing or statement of any Bantu.".

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained the provisions of item 6A of Part B of the First Schedule to the Transkei Constitution Act, 1963, shall not empower the legislative assembly of the Transkei to amend or repeal an Act of Parliament and shall not derogate from the legislative powers of Parliament, or the powers or duties of any authority or person in the Republic in terms of an Act of Parliament, and any power conferred on any other authority or person by any law made by virtue of the said item, or any other law relating to any matter mentioned therein, may be exercised only with the prior approval of the Minister of Bantu Administration and Development.

as amended by section 4 of

Wet No. 71, 1974

TWEEDE WYSIGINGSWET OP BANTOEWETGEWING, 1974.

Invoeging van artikel 60A in Wet 48 van 1963. 2. Die volgende artikel word hierby in die Transkeise Grondwet, 1963, na artikel 60 ingevoeg:

"Waarborge in verband met sekere lenings.

60A. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kan, op die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek bepaal, die terugbetaling van die hoofsom van en die betaling van rente op en koste aangegaan in verband met 'n lening wat aangegaan is of aangegaan gaan word deur die uitvoerende gesag van die Transkei kragtens die bepalings van 'n wet van die wetgewende vergadering, waarborg.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 54 van 1968.

- 3. Artikel 5 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig—
 - (a) deur na paragraaf (b) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:
 - "(c) in so 'n maatreël voorsiening maak vir die wysiging of herroeping van 'n wet (uitgesonderd 'n Wet van die Parlement of 'n wet deur die Staatspresident gemaak) vir sover dit betrekking het op so 'n aangeleentheid en in die betrokke gebied van toepassing is, of op 'n lid van die betrokke volk wat buite daardie gebied maar binne die gebied bedoel in artikel 1 is of woon,"; en
 - (b) deur die volgende subartikel by te voeg:
 - "(3) Geen wet (uitgesonderd 'n Wet van die Parlement of 'n maatreël gemaak deur die betrokke wetgewende raad, of 'n wet gemaak deur die Staatspresident, of 'n Wet of ordonnansie in artikel 17J (1) (a) (ii) of (iii) bedoel) wat na die samestelling van die eerste uitvoerende raad vir 'n gebied ingevolge artikel 6 gemaak word en wat betrekking het op 'n aangeleentheid in die Bylae genoem, is van toepassing nie in daardie gebied of met betrekking tot 'n lid van die betrokke volk ten opsigte van wie daardie wetgewende raad bevoeg is om maatreëls te maak vir sover dit so 'n aangeleentheid betref.".

Invoeging van artikel 14A in Wet 54 van 1968.

4. Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, na artikel 14 ingevoeg:

"Waarborge in verband met sekere lenings.

14A. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kan, op die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek bepaal, die terugbetaling van die hoofsom van en die betaling van rente op en koste aangegaan in verband met 'n lening wat aangegaan is of aangegaan gaan word deur 'n uitvoerende gesag kragtens die bepalings van 'n maatreël van die betrokke wetgewende raad, waarborg.".

Wysiging van artikel 17E van Wet 54 van 1968, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 20 van 1973.

- 5. Artikel 17E van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 - "(3) Geen wet wat gemaak word na die datum waarop 'n gebied ingevolge artikel 17A tot 'n selfregerende gebied verklaar word (met inbegrip van 'n Wet van die Parlement, maar uitgesonderd 'n wet gemaak deur die Staatspresident of die betrokke wetgewende raad of 'n Wet of ordonnansie in artikel 17J (1) (a) (ii) of (iii) bedoel) en wat betrekking het op 'n aangeleentheid bedoel in subartikel (1), is van toe-

SECOND BANTU LAWS AMENDMENT ACT, 1974.

Act No. 71, 1974

2. The following section is hereby inserted in the Transkei Insertion of Constitution Act, 1963, after section 60:

section 60A in Act 48 of 1963.

"Guarantees 60A. The Minister of Bantu Administration and in connec-Development may, on such conditions as he may tion with certain loans determine in consultation with the Minister of Finance of the Republic, guarantee repayment of the capital of and payment of the interest on and any charges incurred in connection with any loan negotiated or to be negotiated by the executive government of the Transkei in terms of any law of the legislative assembly.".

- 3. Section 5 of the Development of Self-government for Amendment of Native Nations in South-West Africa Act, 1968, is hereby section 5 of Act 54 of 1968. amended-
 - (a) by the insertion after paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:
 - "(c) provide in any such enactment for the amendment or repeal of any law (other than an Act of Parliament or a law made by the State President) in so far as it relates to any such matter and applies in the area in question or to a member of the nation concerned who is or resides outside that area but within the territory referred to in section 1,"; and
 - (b) by the addition of the following subsection:
 - (3) No law (excluding an Act of Parliament or an enactment made by the legislative council concerned, or a law made by the State President, or any such Act or ordinance as is referred to in section 17J (1) (a) (ii) or (iii) made after the constitution of the first executive council for an area in terms of section 6 and which relates to a matter referred to in the Schedule, shall apply in that area or in relation to a member of the nation concerned in respect of whom that legislative council is empowered to make enactments in so far as that matter is concerned.".
- 4. The following section is hereby inserted in the Develop-Insertion of ment of Self-government for Native Nations in South-West section 14A in Africa Act, 1968, after section 14:

Act 54 of 1968.

tion with certain loans.

14A. The Minister of Bantu Administration and Development may, on such conditions as he may determine in consultation with the Minister of Finance of the Republic, guarantee repayment of the capital of and payment of the interest on and any charges incurred in connection with any loan negotiated or to be negotiated by any executive government in terms of an enactment of the legislative council concerned.".

5. Section 17E of the Development of Self-government for Amendment of Native Nations in South-West Africa Act, 1968, is hereby Section 17E of amended by the substitution for subsection (3) of the following as inserted by subsection:

section 6 of Act 20 of 1973.

"(3) No law made after the date on which an area is in terms of section 17A declared a self-governing territory (including an Act of Parliament but excluding a law made by the State President or the legislative council concerned or any such Act or ordinance as is referred to in section 17J (1) (a) (ii) or (iii)) and which relates to a matter referred to in subsection (1) shall apply in the area concerned or in Wet No. 71, 1974

TWEEDE WYSIGINGSWET OP BANTOEWETGEWING, 1974.

passing nie in die betrokke gebied of met betrekking tot 'n lid van die betrokke volk ten opsigte van wie daardie wetgewende raad bevoeg is om wette te maak vir sover dit so 'n aangeleentheid betref.".

Wysiging van Bylae by Wet 54 van 1968, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 23 van 1972 en artikel 8 van Wet 20 van 1973.

- 6. Die Bylae by die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig deur item 12 deur die volgende item te vervang:
 - "12. Arbeidsaangeleenthede (uitgesonderd alle aangeleenthede wat in die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), of die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet No. 30 van 1966), behandel word), met inbegrip van die instelling, instandhouding, bestuur en beheer van arbeidsburo's en die registrasie en indiensplasing in die betrokke gebied van werksoekers deur middel van sodanige buro's, en die beskikbaarstelling van werkers vir indiensneming buite die betrokke gebied vir sover en onderworpe aan die voorwaardes deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling bepaal.".

Wysiging van artikel 3 van Wet 21 van 1971.

- 7. Artikel 3 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, word hierby gewysig—
 - (a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 - "(b) in so 'n wet voorsiening maak vir die wysiging of herroeping van 'n wet (uitgesonderd 'n Wet van die Parlement of 'n wet gemaak deur die Staatspresident) vir sover dit op so 'n aangeleentheid betrekking het;"; en
 - (b) deur die volgende subartikel by te voeg:
 - "(3) Geen wet (uitgesonderd 'n Wet van die Parlement of 'n wet gemaak deur die betrokke wetgewende vergadering of die Staatspresident of 'n Wet of ordonnansie in artikel 6 (2) (a) (ii) en (iii) bedoel) wat na die samestelling van die eerste uitvoerende raad vir 'n gebied ingevolge artikel 5 gemaak word en wat betrekking het op 'n aangeleentheid in Bylae 1 bedoel, is van toepassing nie in daardie gebied of met betrekking tot 'n burger van daardie gebied ten opsigte van wie daardie wetgewende vergadering bevoeg is om wette te maak vir sover dit so 'n aangeleentheid betref.".

Invoeging van artikel 25A in Wet 21 van 1971.

8. Die volgende artikel word hierby in die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, na artikel 25 ingevoeg:

"Waarborge in verband met sekere lenings.

91.90

25A. Die Minister van Bantoe-administrasie en ontwikkeling kan, op die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek bepaal, die terugbetaling van die hoofsom van en die betaling van rente op en koste aangegaan in verband met 'n lening wat aangegaan is of aangegaan gaan word deur 'n uitvoerende gesag kragtens die bepalings van 'n wet van die betrokke wetgewende vergadering, waarborg.".

Wysiging van artikel 30 van Wet 21 van 1971.

- 9. Artikel 30 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 - "(3) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is geen wet wat gemaak word na die datum waarop 'n gebied ingevolge artikel 26 tot 'n selfregerende gebied verklaar word (met inbegrip van 'n Wet van die Parlement, maar uitgesonderd 'n wet gemaak deur die Staatspresident of die betrokke wetgewende vergadering of 'n Wet of ordonnansie

SECOND BANTU LAWS AMENDMENT ACT, 1974.

Act No. 71, 1974

relation to a member of the nation concerned in respect of whom that legislative council is empowered to make laws in so far as that matter is concerned.".

6. The Schedule to the Development of Self-government for Amendment of Native Nations in South-West Africa Act, 1968, is hereby Schedule to Act 54 of 1968, amended by the substitution for item 12 of the following item: as amended by

"12. Labour matters (excluding all matters dealt with section 9 of Act 23 the Workmen's Compensation Act 1941 (Act 23) in the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of section 8 of 1941), or the Unemployment Insurance Act, 1966 (Act Act 20 of 1973. No. 30 of 1966), including the establishment, maintenance, management and control of labour bureaux and the registration and placing in employment in the area in question of workseekers by means of such bureaux, and the making available of workers for employment outside the area concerned to such extent and subject to such conditions as may be determined by the Minister of Bantu Administration and Development.".

7. Section 3 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971, Amendment of is hereby amended-

section 3 of Act 21 of 1971.

- (a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:
 - provide in any such law for the amendment or repeal of any law (other than an Act of Parliament or a law made by the State President) in so far as it relates to any such matter;"; and
- (b) by the addition of the following subsection:
 - "(3) No law (excluding any Act of Parliament or a law made by the legislative assembly concerned or the State President or any such Act or ordinance as is referred to in section 6 (2) (a) (ii) and (iii)) made after the constitution of the first executive council for an area in terms of section 5, and which relates to a matter referred to in Schedule 1, shall apply in that area or in relation to a citizen of that area in respect of whom that legislative assembly is empowered to make laws in so far as that matter is concerned.".
- 8. The following section is hereby inserted in the Bantu Insertion of Homelands Constitution Act, 1971, after section 25:

section 25A in Act 21 of 1971.

'Guarantees in connection with certain loans.

25A. The Minister of Bantu Administration and Development may, on such conditions as he may determine in consultation with the Minister of Finance of the Republic, guarantee repayment of the capital of and payment of the interest on and any charges incurred in connection with any loan negotiated or to be negotiated by any executive government in terms of an act of the legislative assembly concerned.".

9. Section 30 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971, Amendment of is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the section 30 of Act 21 of 1971. following subsection:

'(3) Subject to the provisions of this Act, no law made after the date on which an area is in terms of section 26 declared a self-governing territory (including any Act of Parliament, but excluding a law made by the State President or the legislative assembly concerned or any such Act or

Wet No. 71, 1974

TWEEDE WYSIGINGSWET OP BANTOEWETGEWING, 1974.

in artikel 6 (2) (a) (ii) en (iii) bedoel) en wat betrekking het op 'n in subartikel (1) bedoelde aangeleentheid, in daardie gebied of met betrekking tot 'n burger van daardie gebied ten opsigte van wie 'n wetgewende vergadering bevoeg is om vir sover dit so 'n aangeleentheid betref wette te maak, van toepassing nie."

Wysiging van Bylae 1 by Wet 21 van 1971, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 23 van 1972 en artikel 15 van Wet 7 van 1973. 10. (1) Bylae 1 by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, word hierby gewysig deur na item 21 die volgende item in te voeg:

"21A. Behoudens die bepalings van artikel 10 (2) van die Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1974, en vir die doeleindes van die handhawing van die openbare veiligheid, openbare vrede, orde of goeie landsbestuur, die verbieding van 'n organisasie waarvan Bantoes lede is of ten opsigte waarvan daar toegelaat word dat Bantoes lede word, en lidmaatskap van so 'n organisasie; die verbieding van die bevordering, op enige wyse, van die oogmerke van so 'n organisasie; die verbieding of beperking daarvan dat 'n Bantoe 'n ampsdraer van so 'n organisasie is; die beperking van die aanwesigheid van 'n Bantoe tot 'n bepaalde plek of gebied; en die verbieding van die publikasie of verspreiding van die inhoud van 'n toespraak, uitlating, geskrif of verklaring van 'n Bantoe.".

(2) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet magtig die bepalings van item 21A van Bylae 1 by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, nie 'n wetgewende vergadering om 'n Wet van die Parlement te wysig of te herroep en doen dit nie afbreuk aan die wetgewende bevoegdheid van die Parlement of die bevoegdheid of pligte van 'n gesag of iemand in die Republiek ingevolge 'n Wet van die Parlement nie, en kan 'n bevoegdheid wat aan 'n ander gesag of persoon verleen word by 'n wet wat gemaak word uit hoofde van genoemde item, of 'n ander wet wat betrekking het op 'n aangeleentheid daarin genoem, slegs met die voorafverkreë goedkeuring van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling uitgeoefen word.

Kort titel.

11. Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1974.

SECOND BANTU LAWS AMENDMENT ACT, 1974.

Act No. 71, 1974

No. 4487

Ordinance as is referred to in section 6 (2) (a) (ii) and (iii)), which relates to any matter referred to in subsection (1), shall apply in that area or in relation to any citizen of that area in respect of whom that legislative assembly is empowered to make laws in so far as that matter is concerned.".

10. (1) Schedule 1 to the Bantu Homelands Constitution Amendment of Act, 1971, is hereby amended by the insertion after item 21 of Schedule 1 to
Act 21 of 1971. the following item:

"21A. Subject to the provisions of section 10 (2) of the section 12 of Second Bantu Laws Amendment Act, 1974, and for the Act 23 of 1972 purpose of maintaining public safety, public peace, order and section 15 of Act 7 of 1973. or good government, the prohibition of any organization of which Bantu are members or allowed to become members, and the membership of any such organization; the prohibition of the furtherance, in any manner, of the objects of any such organization; the prohibition or the restriction of any Bantu being an office-bearer of any such organization; the restriction of the presence of any Bantu to a particular place or area; and the prohibition of the publication or dissemination of the contents of any speech, utterance, writing or statement of any Bantu.".

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the provisions of item 21A of Schedule 1 to the Bantu Homelands Constitution Act, 1971, shall not empower a legislative assembly to amend or repeal an Act of Parliament and shall not derogate from the legislative powers of Parliament, or the powers or duties of any authority or person in the Republic in terms of an Act of Parliament, and any power conferred on any other authority or person by any law made by virtue of the said item, or any other law relating to any matter mentioned therein, may be exercised only with the prior approval of the Minister of Bantu Administration and Development.

11. This Act shall be called the Second Bantu Laws Amend- Short title. ment Act, 1974.

as amended by

A STATE OF THE STA
the second of the second secon
 In the Control of State (1997)
The control of the co
Areas Carrier and